ONS TROUE EN WITTEBROOD **DESEMBER 1972**

Die NG Kerk gemeente waarin Karl Bremer Hospitaal en die Verpleegsterstehuis geval het, was die Vredelust gemeente in Broadwaystraat, Boston, Belville. Alhoewel Huis Francie van Zijl later op die Tygerbergkampus gebou is, het meeste studente en verpleegsters steeds aanddienste in die gemeente Vredelust bygewoon. Toe ek en Johanna begin uitgaan het het ons ook daar dienste op Sondae aande bygewoon in Dr Gideon Kotzé se kerk. Toe ons moes besluit waar ons wou trou, het die keuse outomaties op Vredelust geval. Daar was net een groot probleem. In die tydgleuf wat ons werkskedules dit toegelaat het aan die einde van Desember, was Vredelust kerk reeds vol bespreek vir troues. Nou wie sê jy moet op 'n Saterdag trou ? Ons besluit toe om op Donderdag 28 Desember 1972, die middag om vyfuur, tussen Kersfees en Nuwejaar, te trou. Meeste van ons vriende was nog juniors en niemand sou in elk geval verlof kry in daardie tyd nie. Niemand werk ook tussen Kersfees en Nuwejaar na vieruur in die middag nie, so dit sou ook nie 'n probleem wees om vroeër van die werk weg te loop nie. Baie van ons gaste was kollegas uit die hospitaal waarmee ek en Johanna saam gewerk het. Ons was baie geëerd dat 'n groot groep kliniese assistente met wie ek en sy saamgewerk het, die troue op ons uitnodiging bygewoon het.

Ena, Johanna se suster, reël toe met haar hoof by Kruik dat ons onder sy lidmaatskap die Here Sewentien Klub as 'n onthaalplek kan huur op dié Donderdagaand. My oud klasmaat en kollega, George Bell, se pa was predikant op Stellenbosch en hoof van die CSV. Ek het hom deur die jare leer ken. Ons vra hom of hy die plegtigheid sal waarneem en hy willig gelukkig in.

Daardie oggend moet ek nog Kaap toe om Johanna se ma se hoed te gaan haal by een van Kruik, waar haar suster Ena gewerk het, se modeontwerpers. Toe hy dit vir my gee is dit net so 'n groen ring ! Ek vra toe vir die "kêrel", waar is die ander deel ? Watter ander deel, vra hy ? Ek moes toe maar glo dit is die hele hoed !

Johanna, haar pa met die donkerbril en haar ma met die groen ring hoed

Pierre en Johanna

Dié middag vóór vyf sit ek vóór in die kerk by my familie. Op ‘n kol gaan die konsistorie deur oop en die koster soek iemand. Ek besef toe hy soek seker vir my en staan op en gaan vra of ek kan help. “Hoekom is jy nie in die konsistorie nie”, vra hy. “Wie het gesê ek moet in die konsistorie wees ?”, vra ek seker effens moedswillig. “Sê vir Ds Bell ons kry mekaar sommer binne die kerk as die bruid se pa haar inbring”, sê ek vir hom !

Ds Johan Bell, pa van my vriend en mediese klasmaat, se teksvers in sy boodskap aan ons was Psalm 32 vers 8 : “Ek wil jou onderrig en leer aangaande die weg wat jy moet gaan; Ek wil raad gee; My oog sal op jou wees.”

Ek en Johanna onthou dit tot vandag toe. Sy het later ‘n waterverfskildery met dié woorde laat maak wat nou nog bo ons bed se kop steil hang !



Ons was nie vol fieterjasies nie en het nie gedink dit is nodig om iemand se “grand” motor te kry vir ‘n bruidsmotor nie en het sommer my Triumph 2000 (“die arm man se Jag”) gebruik. Eddie Schutte het die troumotor bestuur. Alfreda du Plessis, Johanna se beste verpleegster vriendin, het haar help aantrek by haar oudste broer Piet en Rita se woonstel in Boston, Bellville. Sy was nou nie juis ‘n strooimeisie nie en het langs Eddie voor in die kar gesit. Johanna het gereël dat hulle twee “partners” is vir die aand sou wees omdat Eddie ook nog enkellopend was. Johanna was baie optimisties dat sy ‘n “match” tussen Eddie en Alfreda sal maak. Ek het gesê sy kan dit maar vergeet. Eddie hou van gesofistikeerde Engelse meisies ! Hoe verkeerd was ek nie weer met Eddie nie. Eers was dit die Pizzas wat hy na Suid Afrika wou bring toe ons in Europa getoer het en ek gesê het dit nooit hier sal werk nie. Toe was ek verkeerd ! Alfreda sou haar kraam opleiding in Bloemfontein gaan doen, waar Eddie toe ook werksaam was. Sy het van ‘n plaas naby Petrusville gekom. Hulle het die aand na ons troue by Makriel en May-hulle oorgeslaap. Ons moes later van ‘n groot vryery op die stoep verneem. ‘n Jaar later vroeg in Januarie 1974 het ek en Johanna opgevlieg vir hulle troue in Bloemfontein ! Met Eddie kan jy blykbaar enige iets anders verwag ! Maar ek dink steeds dis Alfreda wat hom ore aangesit het !

Die Bruidsmotor met Eddie wat konfetti ingooi !

Van links: Dolf en Gail (agter hom), Ian du Plessis, Charl, agter my ma met die groen rok, Hein Ferreira in die agtergrond, my skoonpa en my pa voor.

Met die fotosessie na die troue is daar ‘n foto waar Johanna se ma vir haar fluister: “My kind, sal dié huwelik dan werk ? Julle kom dan uit so baie verskillende agtergronde ?” Die mense op Piketberg het toe ook skynbaar reeds verneem Johanna trou met ‘n “dokter” en sy pa was in die “Parlement !” Gelukkig het haar bekommernis nie realiseer nie, en met die skrywe van hierdie notule van my lewe in 2018 is ek en Johanna al 46 jaar baie gelukkig getroud, het ons drie fantastiese kinders en twee skoonseuns en vyf ongelooflike kleinkinders !

Johanna en haar ma

Ons het ‘n baie lekker onthaal in die Here Sewentien gehad. Ons was bevoorreg om beide ons ouerpare saam met ons daar te hê, asook al my broers en Johanna se suster en broers. Ek het ‘n heildronk op my ouers ingestel. Oom Gawie Marais, Johanna se broer, Hugo, se skoonpa, het ‘n heildronk op Johanna se

ouers ingestel Ek het vir oom David de Villiers gevra om ‘n heildronk op my en Johanna in te stel. Ons het so lekker gekuier dat ons van die laaste gaste was wat die aand daar weg is !



Ek, Johanna en my nuwe skoonouers op die onthaal in die Here Sewentien

Om nie sovêr te moes ry nie, het ons die eerste aand in die Devon Valley Hotel net buite Stellenbosch gaan slaap. Ons is die volgende dag na die Marine Hotel in Hermanus, waar ons vyf dae sou bly. In daardie tyd het Makriel en May, wat met vakansie op Stanfordsbaai was, een aand by ons kom eet. Ons het ook een dag vir hulle en oom David en tannie Mavis en Makriel en Maytie, Martie en Hennie en die ander de Villiers dogters, op Stanfordsbaai, gaan kuier.

Ek, oom David, Martie en Hennie en Gallie

Tannie Mavis, Mariaan Wait, Martie en Maytie

Weens vol besprekings moes ons een nag op Mosselbaai oorslaap vóór ons vir nog drie nagte by die Wildernis Hotel sou bly. Op pad soontoe ontdek ek ons moes reeds die vorige nag op Mosselbaai oorgebly het. Niemand in die Marine Hotel het ons egter aangesê om te vertrek nie en ons het dit maar gelate so aanvaar !

Op George het ons vlugtig by my ouers in hulle huis, wat my pa gekoop het in Victoriastraat 95, Dohrmelsdrift, George, aangegaan. Hulle het na ons troue dorp toe getrek van Saasveld. My pa het op 31 Desember 1972 op sy vyf-en-sestigste verjaardag afgetree.

Ek en Johanna saam met Eddie en Alfreda op hulle troudag in Januarie 1974

Terug na Inhoudsopgawe